**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **SES VRAE**.
- Volg die instruksies boaan elke **VRAAG**.
- Begin elke vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Nommer elke antwoord in die middel van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**LEESSTUK**

Lees die volgende **LEESSTUK** versigtig deur.

**DANKIE, MY SEUN, VIR ’N NUWE LEWE!**
**deur Carol Coetzee**

1 Die Mentors het net dogters gehad, maar wou graag ? seun gehad het. Nadat die Mentors lank gebid het vir ? seuntjie, kry hulle toe 21 jaar gelede vir Charles. Nooit het hulle geweet dat hy sou doodgaan en sodoende sy ma se lewe red nie.

2 Dulcie het aan hoë bloeddruk gely en die medisyne vir die bloeddruk het haar niere aangetas. Sy moes drie keer per week behandeling kry vir haar niere. Sy moes altyd hospitaal toe gaan sodat die dokters haar kon help.

3 Sy moes ? nuwe nier kry, maar daar was 150 mense voor haar op die waglys vir orgaanskenking. Sy was al drie jaar op ? waglys vir ? nier en toe het Dulcie Mentor haar seun se nier gekry nadat haar seun vermoor is. Sy kon nou weer normaal lewe, maar hoe kon sy gelukkig wees as dit is hoe sy die nier gekry het? Haar man sê dat hulle seun nou eintlik binne in haar lewe.

4 Charles het baie keer gesê dat hy sy een nier vir sy ma wil skenk, omdat sy so baie pyn verduur het. Sy wou dit nie doen nie, want hy het nog sy hele lewe voor hom gehad en haar lewe was al amper verby.

5 Dulcie het van die hospitaal af gekom toe sy Charles en haar kleindogters in die huis kry waar hulle lekker dans op die maat van *R&B*-musiek. Charles het die kleinkinders opgepas, woonstel reggemaak en soms kos gemaak. Sy pa was baie keer weg van die huis en daarom moes hy die man in die huis wees.

6 Hy het buite gaan rondloop. Dulcie het gehoor dat iets buite gebeur. Toe sy buite kom, hoor sy dat die bure se seun Charles met ? mes gesteek het. Hy het gesê dat Charles se musiek te hard was. Hulle het die ambulans gebel, maar die ambulans het eers twee uur later daar aangekom. Toe is Charles al dood. Dulcie was so hartseer en het so baie gehuil dat die ambulansmanne hom probeer help het. Hulle het probeer om hom weer by te bring en sy hart het weer begin klop. Die familie het vir hom gebid, maar hy is die volgende dag dood.

7 Die Stigting vir Orgaanskenkers het gesê dat iets goeds uit sy dood kan kom. Die familie kan sy organe gee vir mense wat dit nodig het. Hulle het nie geweet dat sy ma ook ? nier nodig gehad het nie. Nadat bloedtoetse gedoen is, het hulle uitgevind dat Charles se nier reg is vir sy ma. Ander mense het van sy ander organe gekry.

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2004]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

1.1 Wat het die Mentor-gesin verlang om te hê? (1)

1.2 Watter positiewe ding het Charles se dood vir sy ma beteken? (1)

1.3 Verduidelik watter gesondheidsprobleme Dulcie gehad het. (2)

1.4 Gee **TWEE** bewyse dat Dulcie nie gou gehelp sou kon word met ? nuwe nier nie. (2)

1.5 Hoe weet ons dat Charles sy ma wou help? Haal **EEN SIN** aan. (1)

1.6 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
Haal **’N DEEL VAN ’N SIN** aan om te sê waarom jy so sê.

Dulcie het toegelaat dat Charles haar help. (2)

1.7 Watter **VIER** dinge het Charles in die huis gedoen vir sy ma? (4)

1.8 Hoe is Charles dood? (1)

1.9 Wat het Charles gedoen om sy eie dood te veroorsaak? (1)

1.10 Wat kon Charles se lewe dalk gered het? (1)

1.11 Hoekom het die ambulansmanne Charles gehelp? (1)

1.12 Watter **TWEE** goeie dinge het uit Charles se dood gekom? (2)
**(19)**

**VRAAG 2**
**ADVERTENSIE**

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die **ADVERTENSIE** versigtig deur.

> Soek jy na die regte present?
> Vir oud én jonk?
> Moenie verder soek nie!
>
> Die **ZIPPY NIPPY-MOTORFIETSIE** kos slegs R2499.00
>
> Maar jy moet gou maak, want daar is nie meer baie in die land nie.
> Kry hom nou of nooit!
>
> Dis net reg vir vakansies of om net gou winkel toe te gaan.
> Die fietsie het ? elektriese motor en werk met ? battery.
> **GEEN** petrol, geraas of probleme.
> Jy kan die fietsie in die kar laai, want hy vou op.
>
> Skakel 0800 94779 tussen 8 vm. en 5 nm. om jou **ZIPPY NIPPY** te bestel.
>
> **[Verwerk uit: *Rapport*, 21 Desember 2003]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

2.1 Voltooi: Die ZIPPY NIPPY is nie nét vir kinders nie, want ons lees dit is: ______. (1)

2.2 Haal **'N DEEL VAN 'N SIN** aan wat sê dat die ZIPPY NIPPY baie vinnig uitverkoop. (1)

2.3 Vir watter **TWEE** geleenthede kan jy die ZIPPY NIPPY gebruik? (2)

2.4 Hoe werk die ZIPPY NIPPY? Noem **TWEE** dinge. (2)

2.5 Hoekom is dit maklik om die ZIPPY NIPPY orals saam te neem? Gee **TWEE** feite. (2)

2.6 Wat moet jy doen om die ZIPPY NIPPY te koop? Gee **TWEE** feite. (2)
**(10)**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die **STROKIESPRENT** versigtig deur.

**1.** **2.** **3.**




**4.** **5**

**[Verwerk uit: *Rapport*, 6 Junie 2004]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

3.1 Hoe weet ons dat Zits bly is dat die skole gesluit het? (1)

3.2 Hoekom is die skole gesluit? (1)

3.3 Hoe voel Zits se ma oor die rede waarom die skole gesluit is? (1)

3.4 Waarom sal dit gevaarlik wees om rond te ry? (2)

3.5 Wat sê Zits om sy ma sag te maak? (1)
**(6)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

AFDELING B

**VRAAG 4**
**OPSOMMING**

**INSTRUKSIES:**

- Begin hierdie vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees eers die volgende **INSTRUKSIES** versigtig deur.
  - Lees die volgende **VYF** paragrawe (4.1 – 4.5) versigtig deur.
  - Soek **TWEE HOOFGEDAGTES** uit elke paragraaf (4.1 – 4.5).
  - Skryf elkeen van jou tien hoofgedagtes in jou eie goeie volsin neer.
  - Jou tien sinne moet altesaam nie baie korter of baie langer as 110 woorde wees nie.
  - Onthou om die getal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.
  - Jy sal gepenaliseer word as jy baie minder of baie meer as 110 woorde skryf.

## SING SAAM EN WEES GESOND

4.1 Musiekterapie bestaan al baie jare. Dit is wanneer musiek gebruik word om mense emosioneel en liggaamlik te help om gesond te word. ? Mens kan selfs ? universiteitsgraad in musiekterapie kry. In 1944 het die universiteit in Duitsland die eerste graad toegeken. Baie mense het kwalifikasies om musiekterapie te doen.

4.2 Mammas het vir hulle klein kindertjies gesing wanneer hulle bang was. Liedjies wat net voor slaaptyd gesing is, het kinders baie lekker laat slaap. Almal hou daarvan as Mammas vir hulle sing. Musiek kan mense gesond maak. In die Tweede Wêreldoorlog het mense vir die siekes in hospitale musiek gespeel om hulle te help.

4.3 Dokters weet dat musiekterapie saam met medisyne mense regtig help. Die musiekterapie kan nie alleen help nie – dit komplementeer die mediese behandeling. Dokters sê dat die mense na die terapeute moet gaan vir hulp. Mense wat gekwalifiseerd is, help die mense individueel of in groepe. Die terapeute help mense een keer of dit kan langer aanhou.

4.4 Aktiewe terapie is wanneer die mense sing of musiekinstrumente speel. Die pasiënte doen dinge saam en sit nie net nie. Mense wat sukkel om met ander mense te praat, doen hierdie terapie. Groepe mense doen dit saam. Passiewe terapie is wanneer mense net na musiek luister. Dit is gewoonlik ? individuele sessie. Die mense word gehelp om hulle probleme makliker te hanteer.

4.5 Mense wat sukkel om te leer of wat dwelms misbruik het, kan musiekterapie gebruik. Die brein wat beskadig is, kry oefening wat help. Dis belangrik om die brein te oefen nadat daar probleme was. Kankerpasiënte se pyn kan makliker gemaak word. Die mense leer om nie te dink aan die pyn nie. Hulle ontspan en word dan ook beter. Die musiekterapie help vir die pyn.

**[Verwerk uit: *Elan*, November 2003]** **(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

**b.o.**

AFDELING C

**FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEID**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Begin jou antwoorde op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die vrae versigtig deur en voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

**VRAAG 5**

**INSTRUKSIES:**

Lees die volgende paragraaf versigtig deur en voltooi daarna die paragraaf soos aangedui. **Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.**

# ELEKTRONIESE ROOF

Die liedjie op ? CD of die fliek op ? DVD is die 5.1 (intellektueel – gee die **KORREKTE VORM**) ... **EIENDOM** van die maatskappy, die 5.2 (persoon wat sing – gee **EEN WOORD**)... of die speler. Jy 5.3 (breek; pleeg; oortree – kies die **KORREKTE WOORD**) ... **DIE WET** as jy ? kopie van ? 5.4 (gewilde – gee die **SINONIEM**) ... musiek-CD maak. Dit is ? 5.5 (baie nuwe – gee **EEN WOORD**) ... probleem, maar glad nie so ? **KLEIN** 5.6 (probleem – gee die **KORREKTE VORM**) ... nie. Hierdie roofkopieë van CD's en DVD's is 5.7 (skaars – gee die **ANTONIEM**) ... en dit 5.8 (bedoel; beteken – kies die **KORREKTE WOORD**) ... dat die groot industrieë **VERLIESE** 5.9 (lei; lui; ly – kies die **KORREKTE WOORD**) ... . As jy ? kopie van liedjies maak om 5.10 (met + dit **?** gee **EEN WOORD**) ... besigheid te doen, 5.11 (m.a.w. – **SKRYF UIT**) ... jy 5.12 (plan – gee die **KORREKTE VORM)** ... om roofkopieë van die liedjies te verkoop 5.13 (tot; aan; vir – kies die **KORREKTE WOORD**) ... die publiek, steel jy van die musiekmaatskappy! Die polisie vra die publiek se 5.14 (saam + werk – **EEN WOORD**) ... . Dit is die enigste 5.15 (oplos – gee die **KORREKTE VORM**) ..., want in Suid-Afrika is die misdaadsyfer vir roofkopieë baie 5.16 (hoog – gee die **KORREKTE VORM**) ... **AS** in ander lande in die 5.17 (wêreld; wereld; werêld – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... . 5.18 (Skok – gee die **KORREKTE VORM**) ... **STATISTIEKE** is, byvoorbeeld, dat een uit vier CD's roofkopieë is en dat sowat R240 miljoen se roofflieks op DVD's verkoop word. Daarom is die **KOEËL** nou deur die 5.19 (kerk; dak; vuur – kies die **KORREKTE WOORD**) ... : jy kan ? boete van 5.20 (5000 – **SKRYF UIT**) ... rand kry vir ? eerste oortreding én **DRIE** 5.21 (jare; jaar – kies die **KORREKTE WOORD**) ... tronkstraf! Kaptein Elizna Meyer 5.22 (sy; s'n; se – kies die **KORREKTE WOORD**) ... taakspan was al baie 5.23 (sukses – gee die **KORREKTE VORM**) ... . Hulle het 5.24 (gelede; verlede – kies die **KORREKTE WOORD**) ... Augustus CD's en DVD's van R50 miljoen gekonfiskeer in die Durbanse hawe.

**24÷2=(12)**

## VRAAG 6

**INSTRUKSIES:**

Lees eers die sin/sinne in die blokke. Skryf daarna die sin/sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul**.

### ROOF-CD'S EN -DVD'S

6.1

> Drie kerke het reeds ? kopie van *The Passion of the Christ.* Die nuwe prent draai nog nie in die flieks nie.

**TERWYL** drie kerke ______ (1), _______ (1) nog nie in die flieks nie. (2)

6.2

> Die polisie vang die kerke uit. Die gemeentelede het gelukkig saamgewerk. Hulle is vrygelaat.

**NADAT** die polisie _______ (2), _______ (1) gelukkig saamgewerk,
**DUS** _______ (1) vrygelaat. (4)

6.3

> Kaptein Elizna Meyer sê: "Ek leen self ook nie CD's en DVD's vir my vriende om te kopieer nie.

Kaptein Elizna Meyer sê **DAT** ________ (3). (3)

6.4

> Jy steel iemand anders se eiendom. Jy verminder ook buitelandse beleggings.

**NIE ALLEEN** _______ (2), _______ (1) jy verminder ook buitelandse beleggings. (3)

6.5

> Jy moet eerlik wees. Dan voel jy goed oor jouself.

Jy **BEHOORT** ______ (1), dan **HOEF** jy **NIE** (**EEN WOORD**) _______ (1) oor jouself (voltooi) _______ (2). (4)

6.6

> Die polisie het baie oortreders al gevang.

**BAIE OORTREDERS** _______ (3). (3)

6.7

| |
|---|
| Die grootste klopjag ooit vind in die Durbanse hawe plaas. Die polisie ontdek 269 000 CD's en DVD's. |

Die grootste klopjag ooit **HET** ______ (1) en die polisie **HET** ______ (1). (2)

6.8

| |
|---|
| Al die eerlike mense voel nou sleg oor hulle roofskywe. Dis vir seker. |

**DIE VRAAG IS**: "________ (1)? Ja, beslis. (1)

6.9

| |
|---|
| Die musiekbedryf, filmbedryf en rekenaarspeletjiebedryf verloor baie geld. |

**SOWEL** die _______ (1). (1)

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 08.04.04]** **(23)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**